Aanddiens
7 Maart 2010

Lees: Mat. 4: 12-17
Teks: Mat. 4: 17
Sing: 1. Ps. 48: 1 en 4 (T)
2. Ps. 90: 1 en 9 (T)
3. Ps. 86: 5 (TT)
4. Ps. 68: 1 en 6 (TT)

Waar staan jy en ek as natuurlike mense as dit kom by die koninkryk van God, geliefde gemeente? Jy en ek wat, so het ons laas week gehoor, God se hulp nodig het om sy Naam heilig en in ere te hou.

- Laat ons eerlik wees: ***ons sondige ek, gee veel eerder aandag aan ons eie wil en wense; bou eerder aan ons eie koninkrykies; heul nog heeltemal te maklik met God en God se kinders se aartsvyand, die duiwel en werk binne die raamwerk van die bose se koninkryk.***

Want as ons bid dat God se koninkryk in ons lewens moet kom, dan vra ons eintlik drie dinge van die Vader. Weereens in die vorm van 'n skuldbelydenis dat ons dit uit onsself nie kan vermag nie en God se Gees se hulp daarin nodig het. Ons vra:

- **Dat ons die lus en wil sal ontvang om ons aan sy regering te onderwerp**.
- ***Dat God sy Kerk op aarde sal bewaar en my so sal bewaar dat ek waarlik daarvan deel sal bly.***
- Dat **die werke van satan op aarde, maar ook in my lewe afgebreek sal word.** *Hier hoor ons, geliefdes, duidelik iets van die breek my eie wil af en my sondige natuur, maak dit dood!*

Dat die bede gebid word en gebid moet word, het niks met God se oorspronklike skeppingsbedoeling te doen nie, maar alles met die mens se geheul met satan daar in die tuin van Eden. Want met die skepping, het God sy koninkryk op aarde gevestig. Sy koninkryk van vrede en vreugde en harmonie. ***Sy koninkryk waar Hy Koning is en as sodanig erken word.*** Daardie ryk waarin die mens as onder-koning oor alles wat God geskep het, tot sy eer kon heers en daarvan kon geniet.

Toe kom satan en dring met die hulp van God se onder-koning, deur die sondeval die koninkryk van God binne en vestig so op aarde sy vieslike ryk. Daardie ryk wat gekenmerk word deur boosheid, verdeeldheid, chaos, wanorde, haat en venyn. *God is daardeur nie van sy beheer oor alles wat Hy geskep het onttroon nie, maar word nou verdag gemaak; word ondergrawe en nou beheer God steeds, maar bestuur alles te midde van die ellende waaraan dit blootgestel is.*

Volgens sy belofte, stuur God sy Seun as die Verlosser wat die mens bevry van satan wat hom deurentyd aan die hakskeen byt deur satan se kop te vermorsel. **Daardeur herbevestig Jesus sy Vader se koninkryk op aarde.** ***Of dan in sy eie woorde: bring Hy weer die koninkryk van God NABY!*** Dit inderdaad wel tot eer van God Drie-Enig, maar verseker ook in belang van ons as mense.

- Met hierdie naby bring van die koninkryk, word die volgende eintlik bedoel: *die mens kan nou weer, met die krag en hulp van bo, aandag gee aan die koninkryk van God.* **Die mens kan nou weer, deur die werk van Jesus Christus deel hê aan die koninkryk van God en dit werklik binnegaan. Die mens is verlos van sy verslaafde, inperkende en vernietigende deel wees van die ryk van satan – of te**

wel: DIE RYK VAN DIE DOOD! Die KONINKRYK VAN LEWE is weer binne ons bereik, liewe gemeente.

Besef net: vir die voorreg om weer binne bereik van die koninkryk van God te kon kom, was nie sommer een of ander tjoef-tjaf aksie nodig gewees nie. Nee, dit het Jesus Christus se lewe van 33 jaar in die sonde-hel gekos om elke mens daarvan te bevry – waarvan baie geroep maar min uitverkies is. *Met ander woorde: baie mense mag die indruk skep dat hulle in Jesus en God se diens staan – deel van sy kerk op aarde is – maar helaas, min is werklik deel van sy koninkryk op aarde. In naam koninkrykskinders, maar in hart nog diep verknog aan satan en eie ryke!*

Met hierdie bede – waar en wanneer dit opreg gebid word – vra die mens niks minder nie as: **help my Here, deur U Heilige Gees, om van my eie koninkryk en wil ontslae te raak, sodat ek my hart en siel kan beywer vir U koninkryk wat in Christus weer vir my naby gekom het!!** HELP MY HERE, WANT SELF KAN EK NIE!

En om as agent vir die Here se ryk op te tree en dit te bevorder op aarde, stel Jesus sy Kerk op aarde aan. *En dan moet ons met Kerk verstaan die lidmate en nie een of ander struktuur of raad of iets dergeliks nie.* Die Kerk met sy voorgangers wat Bybels moet lei, moet toesien dat God se koninkryk in ere gehou word; uitgebou word.

- ***En nou weet ons: die Kerk bestaan uit verlostes in Jesus Christus, maar is helaas afhanklik van krag en hulp en bystand van Bo om aan die taak die regte aandag te kan gee, liewe lidmaat!***

Daarom is dit belangrik dat elke lidmaat, jy en ek uit die aard ingesluit, se optrede sal wys en getuig dat dit van ander kaliber en aard is as die van die wêreldlinge. *As ons praat, praat ons wat heilsaam en opbouend is.* **Wat ons soek is vrede, harmonie en eengesindheid.** *Wat ons najaag is goedhartigheid, vriendelikheid en getrouheid.* **Die gesindheid waarin ons dit doen is selfbeheers en nederig.**

- En omdat ons deel het aan die koninkryk van God, weet ons dat ons in tentwonings op aarde leef en daarom vir ons skatte in die hemel bymekaar maak en nie skatte hier op aarde nie.

Jy hoor, ons is gewillige slawe in diens van die hemelse Vader soos Jesus dit was in jou en my belang. **Soos Jesus dit was sodat ons dit kan wees deurdat Hy die koninkryk weer naby gebring het.** En om slawe vir die Vader in die hemel te wees, is nie onaangenaam nie. Nee, ons is dit gewillig, ***omdat ons werk nadat ons soveel genade en liefde reeds van Hom ontvang het***. Ons doen dit gemaklik omdat ons reeds verlos en die erfporsie deur Jesus vir ons verdien, 'n werklikheid is wat ons sal ontvang as ons tot die einde toe volhard met die krag wat ons deur die Heilige Gees van Hom ontvang.

Besef daarom net: met die bede – **<u>laat U koninkryk kom</u>** – vra ons, onderneem ons volle onderwerping aan God en sy wil en wens. VOLLEDIGE ONDERWERPING en nie net in die dinge waarmee ons gemaklik is nie! **Sy wil word volledig ons wil en biddend soek en doen is dit – al is dit soms vir ons pynlik.** Jy weet daardie liefde vir die vyand; daardie vergewe van iemand wat jou benadeel het; daardie minste wees en nederig bly; daardie opoffer en wegkyk van die eie belange.

Maar daar lê ook wonderlike troos in die vra dat sy koninkryk in ons lewens sal kom. Want ons vra inderdaad daarmee dat God as Koning – en ons weet Hy regeer op hierdie stadium

deur Jesus wat ons Verlosser en Voorspraak is as Koning oor alles en almal, geliefdes – ons vra om sy beskerming. ***Jy hoor, die Almagtige, Oralteenwoordige en Alwyse, word ons Beskermer en Hy verhoor ons in ons sugte.*** Dit beteken nie dat ons lydingsvry deur die lewe sal loop nie, maar dit beteken wel dat ons nie geheel en al aan die lot en vrymag van satan oorgelaat is nie. Verder beteken dit wel dat ons 'n moeilike aardse reis mag hê, maar dat dit altyd sal wees terwyl God se genade en krag vir ons genoeg sal wees.

In die bede en sekerheid van God se beskerming, lê ook opgesluit dat ons bid dat die ryk van satan en sy werk deurlopend vernietig sal word. *Besef nou: ons sit met die sondige natuur in ons elkeen. Daardie natuur wat die sonde telkens nader roep.* **Daarom: as gevra word dat satan se ryk vernietig word, vra ons dat daardie stuk sondige natuur in ons ook afgebreek sal word.**

In hierdie laaste faset van die bede, vra ons onder andere:

- Dat satan en sy bose planne aan die kaak gestel sal word.
- Dat ons sonde sal sien vir wat dit is en nie oor ons in die 21 ste eeu leef dink wat Bybels as sonde aangedui word, dit nou nie meer is nie.
- Dat ons so bemagtig sal word dat ons satan en sy magte en die sonde in ons eie lewens sal weerstaan en aflê, maar ander ook in hulle stryd daarteen sal help.

Daarom is daar verseker ook 'n eskatologiese (eindtyd/wederkoms) element in die gebed. Ons wil dat Jesus weer sal kom om die aanslag van satan wat daagliks teen die ryk van God geloods word, tot 'n einde sal kom. ***Want dit is dan wat ons finaal bevry van die smet, die begeerte, die skande van sonde en satan se invloed sal wees.***

Geliefdes, kom ons leer uit die bede: daar kan in 'n mens slegs een koning wees. Dit is God of jyself! *Dit is God of satan.* **En onthou: die eie ek en satan is groot maats.** ***Soek graag eie belang en hou nie daarvan om te hoor: jy mag nie; jy durf nie; jy kan nie.***

- Maar onthou: elke moet nie of kan nie wat God in sy Woord aan ons deurgee en daarmee saam elke jy moet of jy beter, is deur die Alwyse Koning van Konings daargestel omdat Hy weet dat dit vir jou en my goed is. *Nie lekker vir die sondige natuur nie, maar beslis waardevol vir die verloste mens. Dit is daardie mens wat bely dat hy/sy nou voluit in diens van God wil en gaan staan.*

Die koninkryk het naby gekom – is toeganklik. Maar weet maar: dit is net die mense wat waarlik onder leiding van die heilige Gees tot bekering of inkeer kom; hulle wat werklik vir God lewende en aanvaarbare offers is, wat die Koninkryk kan en sal binnegaan.

Waar staan jy eintlik en presies ten opsigte van die Koninkryk van God. ***Is jy waarlik slaaf in diens van God – met die oog op die lewe?*** **Of sit jy nog vasgevang as slaaf van satan?**

Die regte koninkryk is naby. Moet dit nie mis nie, want dit het tragiese nagevolge as dit by jou verby sou gaan. **As jy dit wel binnegaan – biddend onder leiding van die Gees – die vreugde wat wag is onbeskryflik groot!**

Amen.